LEEF JOU REIS
MET GERRIE PRETORIUS




2026
# Abu Dhabi Grand Prix

02 – 07 Desember 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: "Leef Jou Reis" is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot 'n toeris is nie maar 'n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van 'n reis familie.

Ons is die "cool kids" van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



$2 550 Per persoon wat deel*
$3 300 Per enkelpersoon*

## DAG 1: Woensdag, 02 Desember 2026

### Start Your Engines ..... 3...2...1

Die adrenalien loop hoog op dag 1 wanneer die Leef jou Reis span jou inwag by die lughawe, reg vir ons gerieflike vlug na Dubai op Emirates!

**(Etes aan boord)**

## DAG 2: Donderdag, 03 Desember 2026

Ons arriveer vroeg in Dubai, waar 'n luukse, lugversorgde bus gereedstaan om ons na ons hotel te neem. Daar kan jy eers 'n bietjie bene rek, 'n heerlike ontbyt geniet en jou tas gratis stoor. Aangesien ons eers om 14:00 kan inboek, is jy welkom om Dubai op jou eie te begin verken en die stad op jou eie tempo te ontdek.

Die hotel is geleë by die Dubai Marina - 'n besige en skouspelagtige omgewing wat omring is deur 'n groot verskeindenheid winkels en restaurante. Diegene wat die Persiese Golf wil geniet, kan ook 'n taxi neem om binne 'n paar minute op die Palm Jumeirah-strand te lê en ontspan. Palm Jumeirah is een van die grootste mensgemaakte eilande ter wêreld. Ons hotel is ook ongeveer 30 km van die Goue Souk geleë waar die Antieke Basaar jou met tradisionele artikels uit die Midde-Ooste verwelkom.

Om 18h30 ontmoet ons mekaar by die hotel se kroeg vir 'n komplimentêre verwelkomingsdrankie. Sommige van julle sal dalk ook 'n Red Bull moet wegsluk, want die besige strate van Dubai roep! Vanaand kan jy die stad verder op eie houtjie verken en aandete by enige restaurant van jou keuse geniet. Die Leef Jou Reis-span is deurentyd teenwoordig om voorstelle te gee en hulp te verleen.

**Oornag: Dubai Marina (Ontbyt en Verwelkomingsdrankie)**

### Opsionele aktiwiteite:

- Woestynsafari waar jy oor die duine met 'n 4x4 kan ry en 'n tradisionele woestynbraai kan geniet.
- Luukse skemervaart en aandete om die hawe van Dubai.
- Hero bootvaart waar jy in en om die hawe van Dubai jou eie "rubber-duck" kan stuur teen 50km/h. Geen lisensie word benodig nie – net so bietjie bravade!
- Burj Khalifa ervaring waar jy met 'n hoëspoed-hysbak teen 10 meter per sekonde geneem word na vlak 124 en 125 (456m bo die grond) van die hoogste gebou ter wêreld.



# Abu Dhabi Grand Prix

02 - 07 Desember 2026


**$2 550** Per persoon wat deel*
**$3 300** Per enkelpersoon*

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Ons sitplekke is toegeken op die **SUID-pawiljoen by Yas Marina-renbaan,** wat strategies geleë is aan die einde van die baan se langste reguit stuk en bied opwindende uitsigte van hoëspoed aksie en inhaalgeleenthede terwyl die motors die swaar rempunt nader. Hierdie pawiljoen is geposisioneer rondom Draai 11, waar bestuurders veg vir posisie voordat hulle die tegniese gedeelte van die baan binnegaan. Jy sal reg in die hart van die aksie wees — maak gereed vir onvergeetlike oomblikke!

## JOU SITPLEKKE: Afdeling S02 in ry B en C

**Afdeling 2:** Jou sitplek is laag tot middel van die mees opwindende dele van die baan geleë, met direkte uitsigte op die aksie by die rempunt en hoekgebied naby draai 11 waar dramatiese inhaalmanoeuvres gereeld plaasvind.

Vanuit hierdie sitplekke het jy ook 'n pragtige panorama van die Marina area, met die glinsterende water en luukse omgewing wat deel vorm van die visuele skouspel. Omdat die Suid-pawiljoen oor die algemeen bedek is, sit jy beskut teen die warm middag son en namate die son laag oor die horison sak, kan jy die goue-uur silhoeët ervaar — 'n skouspelagtige agtergrond wat die F1 aksie nog meer indrukwekkend maak.








## DAG 3: Vrydag, 04 Desember 2026

Omdat jy dalk 'n bietjie "pap tyres" vanoggend mag hê, kan jy 'n laat ontbyt geniet voor jy die vele ander aktiwiteite en besienswaardighede van Dubai gaan verken. Dis nie meer lank voor ons die naelbyt stryd tussen *"the fast and the furious"* gaan aanskou nie.

### Besienswaardighede:

Die Burj Khalifa, wat 828m hoog staan, is tans die hoogste gebou ter wêreld en een van Dubai se moet-sien-besienswaardighede. Dié majestueuse gebou is in die hartjie van die stad geleë en is die middelpunt van bedrywighede – ook in die nag. Om bloot met verwondering op te kyk na hierdie tronende argitektoniese wonder is onvergeetlik, maar ons raai jou sterk aan om dit ook van binne te bekyk.

Ongeveer 20 minute se ry buite die moderne strate van Dubai, wag die mistieke Arabiese woestyn.



Vra die Leef Jou Reis-span vir advies oor die aktiwiteite wat 'n aksiebelaaide woestynsafari jou kan bied, soos byvoorbeeld vierwielmotorfietsry, sandplankry, kameelritte, hennatatoeërkuns of 'n egte woestynbraai onder die sterre.

Daar is ook bootritte, waterparke, museums of tegnologiewinskopies wat jou kan besig hou totdat ons die rooi ligte begin aftel!

**Oornag: Dubai Marina (Ontbyt)**

## DAG 4: Saterdag, 05 Desember 2026

Ná 'n lekker ontbyt (en miskien nóg 'n Red Bull vir ekstra skop) is dit tyd om voet in die hoek te sit in die rigting van Abu Dhabi vir 'n adrenalienbelaaide ervaring! Die aftelling tot die finale F1-resies van die seisoen het begin en vandag gaan die F1-renjaers om die eerste tien wegspringplekke meeding.





# Abu Dhabi Grand Prix

02 – 07 Desember 2026

**$2 550** Per persoon wat deel*
**$3 300** Per enkelpersoon*





Ons reis van Dubai na die Yas Marina-renbaan sal ongeveer 90 minute per bus duur, so sit terug, ontspan en geniet die rit! Dit is ook die perfekte geleentheid om 'n paar vriendskaplike weddenskappe aan te gaan oor wie watter posisie op die wegspringrooster sal inneem ...

By die renbaan is ons tuiste die Suidpawiljoen. Die Suidpawiljoen bied uitstekende uitsigte oor 'n spanningsvolle gedeelte van die baan, waar motors teen hoë spoed aankom, hard rem en deur uitdagende draaie versnel. Dit is werklik die plek om al die opwinding van die begin tot die einde van die resies te beleef, met 'n lewendige atmosfeer en gerieflike fasiliteite wat dit ideaal maak vir toeskouers.

Aangesien dit die laaste wedren van die seisoen is, sal die renjaers ongetwyfeld hul beste vaardighede ten toon stel met feestelike draaie rég voor jou. Ná die kwalifiserende rondtes en die vasstelling van wegtrekposisies, kan jy die skouspelagtige Abu Dhabi Grand Prix-musiekkonsert bywoon. In die verlede het kunstenaars soos Benson Boone, Metallica en Katy Perry opgetree. Berei jou dus voor op onvergeetlike optredes deur bekende kunstenaars en 'n aand gevul met vermaak uit die boonste rakke!

Jou F1-kaartjies sluit toegang tot vermaakareas, sowel as die F1-ontspanningsdorp en konserte wat ná die resies aangebied word, in. Die volgende dag is immers óók 'n groot dag met vermaak en konserte ná die resies.

**Oornag: Dubai Marina (Ontbyt)**

## DAG 5: Sondag, 06 Desember 2026

Vandag is daar nie tyd vir rem aandraai, breekpunt bereik of tydmors nie, want die hoogtepunt waarop F1-entoesiaste al die hele jaar wag, het uiteindelik aangebreek! Ons vertrek om 12:00 van Dubai na Abu Dhabi vir die opwindendste resies van die jaar by die mees indrukwekkende renbaan waar 'n topspoed van meer as 330 km/h behaal kan word. Met sestien draaie en lekker lang reguit dele, is die 5,2 km-baan verseker dié topbaan in Formule 1.

Dit was 'n jaar gevul met hoogdrama en interne politiek, en daar is baie op die spel wanneer die nuwe wêreldkampioen gekroon gaan word. Niemand gaan dit egter vir enige mederenjaers maklik maak nie, so jy kan verseker wees van 'n spannende resies! Gaan Mercedes Benz en Ferrari Max Verstappen toelaat om vir die vyfde keer die kroon te dra of moet almal ligloop vir die manne van McLaren?
Ná die laaste F1-resies van die jaar, het jy weer die geleentheid om die musikale skouspel van die Abu Dhabi Grand Prix-konsert met internasionale kunstenaars by te woon. Vanaand is jou laaste aand in die Verenigde Arabiese Emirate, so jy kan jouself heeltemal oorgee aan F1- adrenalien en saam met al die ander passievolle besoekers van dwarsoor die wêreld feesvier!

**Oornag: Dubai Marina (Ontbyt)**



## DAG 6: Maandag, 07 Desember 2026

Die Red Bull is uitgewerk en ná al die opwinding is dit tyd om huiswaarts te keer. Wees egter gerus – volgende jaar maak ons weer so! Indien jy langer wil bly of verder wil reis, gesels gerus met Leef Jou Reis om met enige ekstra reëlings te help.

**Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!**

## Ingesluit

- 4 Nagte se hotelverblyf met ontbyt ingesluit
- Retoer lughawevervoer
  (indien van groepsvlugte gebruik gemaak word)
- Verwelkomingsdrankie by die hotel
- Retoer vervoer vanaf ons hotel na die Yas Marina-renbaan Saterdag en Sondag
- F1-toegangskaartjies vir die Suidpawiljoen
- Toegang tot aktiwiteite en konserte op die Yas Marina-terrein
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer
- Fooitjies

## Uitgesluit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Dubai
- Middagetes (tensy anders gespesifiseer)
- Aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele aktiwiteite
- Visumaansoek
- Vlugte in Suid Afrika

## Dinge om te onthou

- Voorkeur word gegee aan besprekings wat eerste gemaak is.
- Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig 'n e-visa vir Dubai wat nie by die prys ingesluit is nie. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 8 Junie 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele aangepas word.
- In die verlede het ons net heerlike weer beleef, maar bring gerus 'n ligte baadjie vir koeler aande saam.

# Abu Dhabi Grand Prix

02 - 07 Desember 2026

**$2 550** Per persoon wat deel*
**$3 300** Per enkelpersoon*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Abu Dhabi Grand Prix-toer te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp
082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees adrenalienbelaaide vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10 500. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om deposito's en administrasiefooie aan ons operateurs te betaal ten einde groepbesprekings te waarborg.
- Lees asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die volgende deposito van R10 500.00 is betaalbaar op 15 Mei 2026.
- Die balans sal teen 1 September 2026 betaalbaar wees.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Die toerprys word bereken deur 'n wisselkoers van 1USD$:R19 te gebruik sodat ons alle kostes en wisselkoersverskille tydens betalings in die buiteland kan dek. Dit word bepaal deur die bedrag en datum waarop ons die verskaffers betaal.
- Die koste vir kredietkaartbetalings kan by aansoek aan u deurgegee word.
- Kontantdeposito-fooie moet deur die betaler gedra word.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: F1ABU26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**$2 550 Per persoon wat deel*** | **$3 300 Per enkelpersoon***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende    @GerrieOfficial    @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius


Managed by **Travel With Flair**    At your service!    Site    IATA    www.twf.travel | 0861 777 747    ASATA    TWF INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd